

---

# IDENTITEITSBOOD- SKAPPE WAT JOU KINDERS MOET KEN

---

*(en nie sal nie, tensy jy hulle  
daarvan vertel)*

# Liewe Leser,

Hierdie boek is vir jou en jou kinders (of kleinkinders... of die bure se kind... of enige kind wat jy straat af sien loop).

Daar is nie kopiereg op hierdie boek nie. Ek wil hê jy moet uitdrukke daarvan maak, dit aanstuur, deel op jou sosiale blaaië, twiet, opplak, vasheg, weggee aan enigiemand met kinders (of wat ooit 'n kind ontmoet het).

As jy hulle wil vertel waar jy dit gekry het, verwys hulle na [www.KeithFerrin.com/identitymessages](http://www.KeithFerrin.com/identitymessages). As jy wil hê hulle moet weet *presies* waarvandaan dit kom, kan jy sê “Die inhoud van hierdie boek het vir die eerste keer verskyn op bladsye 46-47 van Keith Ferrin se [Like Ice Cream: The Scoop on Helping the Next Generation Fall in Love with God’s Word](#). (Wat binnekort ook in Afrikaans beskikbaar sal wees).

Maar jy hoef nie. Regtig nie.

Kopieer en plak dit. Voeg by. Trouens, as jy wel iets byvoeg, stuur die byvoegings vir my. Hoe meer daar is, hoe koeler. Dink jy nie ook so nie?

**As jy besluit om dit aanlyn te deel (Facebook, Twitter, Pinterest, Google+, ens.) sal jy my 'n guns bewys asseblief?** Sal jy [@KeithFerrin](#) of #IdentityMessages gebruik sodat ek kan antwoord, terugtwiet, verder deel, en die bal aan die rol hou? Dankie.

'n Laaste opmerking: wanneer jy hierdie identiteitsboodskappe uitspreek, aanstuur, skryf of op enige ander manier deel, onthou dit: **Hulle is ook vir jou bedoel.**

Groete,



1. Jy is 'n kind van God.

- *Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. (1 Johannes 3:1)*

2. Jy het deel aan die Goddelike natuur.

*Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gewes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur. (2 Petrus 1:4)*

3. Jy het 'n magtige God wat aan jou kant is... nie teen jou nie.

- *Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? (Romeine 8:31)*

4. Jy is saam met Christus gekruisig en jy leef nie meer nie, maar Christus leef in jou.

- *Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe leef ek in die geloof in die Seun van God wat Sy liefde vir my bewys het deur Sy lewe vir my af te lê. (Galasiërs 2:20)*

5. Jy het toegang tot die troon van God waar jy ontferming en genade kan ontvang.

- *Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade kan ontvang en so op die regte tyd gered kan word. (Hebreërs 4:16)*

6. Jy is saam met Christus opgewek uit die dood en sit saam met Hom in die hemel.

- *In Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee. (Efesiërs 2:6)*

7. Jy is deel van God se gesin.

- *Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle Sy broers te noem nie. (Hebreërs 2:11)*

#### 8. In Christus is jy geseën met elke geestelike seëning.

- *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. (Efesiërs 1:3)*

#### 9. Jy het alles wat jy nodig het vir lewe en om Hom te dien.

- *Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en om Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur Sy heerlikheid en mag. (2 Petrus 1:3)*

#### 10. Jy is met 'n prys gekoop.

- *... julle is gekoop en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik. (I Korinthiërs 6:20)*

#### 11. Jy is geroep om vry te wees.

- *Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. (Galasiërs 5:13)*

#### 12. Jy is vrygekoop deur die Seun van God.

- *Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense. (Matteus 20:28)*

#### 13. Jy is nie veroordeel nie.

- *Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. (Romeine 8:1)*

#### 14. Jy is vergewe.

- *Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergewing van sondes deur Sy Naam ontvang. (Handelinge 10:43)*

#### 15. Jy is vrygespreek in Christus.

- *Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees. (II Korintiërs 5:21)*

#### 16. Jy is God se skepping... Sy gedig... Sy kunswerk... Sy meesterstuk

- *Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. (Efesiërs 2:10)*

#### 17. Jy is vry van die wet van die sonde.

- *Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood. (Romeine 8:2)*

#### 18. Jy lewe in Christus.

- *Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur Sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!  
(Efesiërs 2:4-5)*

#### 19. Jy het die mag van Christus.

- *Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen. (Lukas 10:19)*

#### 20. Jy is op 'n wonderbaarlike wyse geskep.

- *Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek verseker. (Psalm 139:14)*

#### 21. Jy is dood vir die sonde maar lewe vir God.

- *Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.  
(Romeine 6:11)*

22. Jy is deur God uitverkies voordat Hy die wêreld geskep het.

- *So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. (Efesiërs 1:4)*

23. Jy is bestem om vry te wees.

- *Die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom wat hoort by die heerlikheid van die kinders van God. (Romeine 8:21)*

24. Jy is 'n burger van die Hemel.

- *Maar ons is burgers van die hemel, vanwaar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. (Filippense 3:20)*

25. Jy is meer as 'n oorwinnaar deur Hom wat jou liefhet.

- *Nee, in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefhet. (Romeine 8:37)*

26. Jy is met Christus gedoop en is nou met Hom verenig.

- *Want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, moet lewe soos mense wat aan Christus behoort. (Galasiërs 3:27)*

27. Jy is dood vir die sonde, en moet Christus dien.

- *Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil. (Romeine 6:13)*

28. Jy het die Heilige Gees gekry wat jou in die waarheid sal lei.

- *Wanneer Hy kom, die Gees van die Waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie; Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. (Johannes 16:13)*

### 29. Die boete vir jou sonde is betaal en jy is 'n kind van God.

- *Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy Sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van Sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. (Galasiërs 4:4-5)*

### 30. Jy word deur die kragtige Naam van Jesus beskerm.

- *Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees. (Johannes 17:11)*

### 31. Jy het die krag van die Heilige Gees.

- *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria, en tot in die uithoeke van die wêreld. (Handelinge 1:8)*

### 32. Jy het 'n Hoëpriester wat jou swakhede verstaan.

- *Maar die Hoëpriester wat ons het is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. (Hebreërs 4:15)*

### 33. Heilige Gees bid op hierdie oomblik vir jou.

- *Die Gees staan ons ook in ons swakhede by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. (Romeine 8:26)*

### 34. Jou Here is naby.

- *Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. (Filippense 4:5)*

### 35. Die Here ken jou.

- *Here, U sien dwarsdeur my. U ken my.*  
(Psalm 139:1, NLT)

### 36. Niks en niemand kan God se liefde van jou af wegvat nie.

- *Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bose magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus ons Here is nie.*  
(Romeine 8:38-39)

### 37. Daar word nog aan jou gewerk – en die werk aan jou sal klaargemaak word.

- *Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.* (Filippense 1:6)

### 38. Jesus was lief vir jou lank voor jy vir Hom lief geword het.

- *Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.* (I Johannes 4:19)

### 39. Jy is nooit alleen nie.

- *Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie.*  
(Deuteronomium 31:6)

### 40. Jy het die volle wapenrusting van God... ..die gordel van die waarheid

...die borsharnas van God se vryspraak

...die skoene van die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig

...die skild van die geloof

...die helm van die verlossing

...die swaard van die Gees: die Woord van God.

- *Trek daarom die wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weestand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. Bly*



*dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak van God as borsharnas, en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die bose kan afweer. Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die Woord van God. (Efesiërs 6:13-17)*

#### 41. Jy het engele wat jou dien.

- *Is hulle dan nie almal geeste in diens van God, wat Hy uitstuur om die te dien wat die saligheid gaan beërf nie? (Hebreërs 1:14)*

#### 42. Jou behoeftes sal vervul word uit God se oorvloedige rykdom.

- *En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus. (Filippense 4:19)*

#### 43. Jy het 'n Hoëpriester wat vir altyd lewe om voorspraak vir jou te doen.

- *Daarom kan Hy ook die wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree. (Hebreërs 7:25)*

#### 44. Jy het 'n God wat voor jou uitgaan.

- *Ek wil my hoop op U gevestig hou, U, my Sterkte, want U is my veilige vesting! My God sal my te hulp kom in Sy trou, God sal my laat neersien op my teëstanders. (Psalm 59:10, 11)*

#### 45. Jy het 'n God wat jou hoor.

- *En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens Sy Wil vra. (I Johannes 5:14)*

#### 46. Niemand kan jou uit God se Hand wegruk nie.

- *Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My Hand ruk nie. Die wat*

*My Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die Hand van die Vader ruk nie (Johannes 10:28-29)*

#### 47. God is aan jou kant.

- *Die dag wanneer ek na U roep om hulp, val my vyande terug. Dit weet ek: God is aan my kant. (Psalm 56:10)*

#### 48. Jy is Jesus se vreugde.

- *Terwille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die Troon van God. (Hebreërs 12:2)*

#### 49. Iemand is lief vir jou.

- *God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. (Johannes 3:16)*

#### 50. Jy is 'n voorbeeld vir ander mense.

*Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid. (1 Timoteus 4:12)*

# *Dankie dat jy hierdie gelees het.*

As jy my wil kontak, sal jy my hier kry:

- Blog: [www.keithferrin.com](http://www.keithferrin.com)

- E-pos: [keith@keithferrin.com](mailto:keith@keithferrin.com)
- Facebook: [www.facebook.com/keithferrin](http://www.facebook.com/keithferrin)
- Twitter: [www.twitter.com/keithferrin](http://www.twitter.com/keithferrin)
- Pinterest: [www.pinterest.com/keithferrin](http://www.pinterest.com/keithferrin)
- Google+: <https://plus.google.com/+KeithFerrin>
- Potgooi: [www.keithferrin.com/biblepodcast](http://www.keithferrin.com/biblepodcast) OF soek “Keith Ferrin” op iTunes

Mag jou kinders – *en jy!* – voluit wees wie God julle gemaak het om te wees. Mag julle identiteit gevorm word deur die Een wat julle gemaak het, liefhet, vir julle gesterf het, julle verlos het, en julle nuut gemaak het.

Groete,

A handwritten signature in black ink that reads "Keith". The signature is written in a cursive style with a large, sweeping loop at the end.